

**CACHET
APTEEK**

U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

die
WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG



AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:

**Johan
Claassen
Broers**

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

Hoogtepunte

Vrydag

Inhuldiging van Prof Hennie Bingle as Kanselier.
Afskeidsfunksie van die propedeutiese vereniging.
PU Koor by die konserwatorium.

Saterdag

PU Koor by die konserwatorium.

Maandag

Alabama in die Ouditorium om 19h30.

Dinsdag

Alabama in die Ouditorium om 19h30.

Woensdag

Alabama in die Ouditorium om 19h30.

Donderdag

Alabama in die Ouditorium om 19h30.

Kom werk by Die Wapad

Die Wapad soek nog redaksielede. Daar is nog poste vir verslaggewers in al die redaksies. Ons soek ook nasieners, bladuitleers, tiksters, verspreiders, penningmeester en advertensiewerwers. Advertensiewerwers ontvang 20% kommissie op advertensies.

Prims

Weens tegniese probleme kon die foto's van die nuwe primariae en primarii nie gepubliseer word nie. Die Wapad maak verskoning vir enige ongerief wat hierdeur veroorsaak is.

Nuuswenke

Algemene nuus:

Trudie Scholtz Vergeet-my-nie, Tel. 5211.

Koshuis/sosiaal:

Betsie Killian Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277.

Sport:

Herman de Villiers, Tel. 32729.

Kuns:

Marietjie Potgieter, Tel. 6668.

Fotografie:

Lynn Pretorius.

Saktyd

Maandag 16h00.

Die stelling dat dit lente is, mag dalk deur sommige warm-bloediges in twyfel getrek word. Dit is egter duidelik dat die gerugte van sneeu nie vir Marika Claassen afgeskrik het om die skoonheid van die lente te besigtig nie. Ja, skoonheid en lente gaan altyd saam. Marika is van Vergeet-my-nie.



Frikkie kyk vorentoe

"Die komende termyn bied groot uitdagings in die studentelewe vir elke Puk-student om diens te lewer", sê die nuwe SSR-voorsitter, Frikkie van Niekerk.

Frikkie sê die SSR sal aandag gee aan probleme wat geïdentifiseer is deur die behoeftelingsvraelys.

Oor die ontvangs van die eerstejaars wat 'n nuwe gedaante gaan aanneem voel hy baie positief. Hy vra studente om hul samewerking in dié verband te gee. Die effektiewe funksionering van die Koshuisraad sal 'n hoë prioriteit geniet sodat die behoeftes van die koshuisstudent voorrang geniet.

Frikkie sê ontspanningsmoontlikhede op die kampus moet ontgin word. Dit sal die uittoeg van studente oor naweke bekamp. Hy noem die moontlikheid van 'n

Put-Putbaan.

Volgens Frikkie moet akademie ook sy regmatige plek kry. Daarom moet alle studente-aksies ordelik en gekontroleerd verloop.

Effektiewe tug en kontrolemaatreëls is ook nodig maar die SSR sal geen "sedebewaker" wees nie.

Frikkie reken verder goeie samewerking tussen die studente en kerklike lewe is nodig. Hy sê 'n gesonde kerklike lewe kan help om 'n gesonde studentelewe te bou.

Puk-trots, lojaliteit, 'n wil om te dien, geloof en toewyding is 'n voorvereiste vir 'n suksesvolle studentelewe, sê hy.



Nee aan Polstu word dalk ja

— Trudie Scholtz —

'n Aanbeveling dat die verbod op die werksaamhede van Polstu op die Pukkampus onmiddellik opgehef word, is aan die Bestuurskomitee van die Universiteit gedoen.

Die aanbeveling kom uit 'n verslag van die Kommissie van ondersoek na organisasies wat nie onder patronaatskap van die SSR val nie. Die Kommissie is saamgestel nadat Polstu en die Student Union for Christian Action (Suca) se funksioneringsreg vroeër vanjaar deur die Bestuurskomitee opgeskort is.

Onverwags

Die kommissie vind dit ook jammer dat die SSR nie deur die Bestuurskomitee in die besluitnemingsproses geken is nie. Die verslag lui dat dié besluit "drasties en

onverwags" was. Indien die SSR geraadpleeg was, kon Polstu en Suca moontlik van ongunstige publisiteit gevrywaar word waardeur Polstu, Suca en die AWB (Afrikaner Weerstandsbeweging) as ewe ongewens op die Pukkampus voorgestel is, lui die verslag.

Die AWB is vroeër vanjaar belet om op die kampus te funksioneer as gevolg van sy "gewelddadige" optrede in die verlede. Die SSR het die teer-en-veerdery van prof Floors van Jaarsveld van Tukkies as 'n oortreding van die sesde gebod beskou. Die AWB het toe nie die groen lig van die Pukke gekry nie.

Vraelyste

Polstu se funksioneringsreg is opgeskort omdat hy vraelyste onder swart werknemers van die Universiteit versprei het

sonder toestemming van die owerhede. Daar was ook aanduidings dat die vraelyste na ander universiteite en organisasies uitgebrei sou word.

Die verspreiding van die vraelys op die kampus is gestaak en Polstu het sy spyt en verskoning daarvoor uitgespreek. Volgens die kommissie het die motivering vir die skorsing van dié organisasie nou verval.

Vaagheid

Suca is die kampus belet omdat die "vaagheid van opset op kardinale punte" tot "misbruik van kwaadwillige elemente" kan lei. Volgens die verslag het Suca egter nog nie om funksioneringsreg op die kampus gevra nie. Sy bedrywighede kon dus nie ondersoek word nie.

Die kommissie het bestaan uit drie voormalige SSR-lede. Hulle is Jan-Louis du Plooy (same-

roeper) Willem Fourie en Wim Vergeer.

**CREDO JUWELIERS
GROOTHANDELSPRYSE!!**



'n Diamant vandag
is 'n belegging môre

Groot verskeidenheid
juweliersware

**HENNIE
KOTZÉ**

LEWIS DEURLOOP, KERKSTRAAT 133
TEL. 21685

Elkeen moet bou aan Pukgesin

Een van Lukas van der Merwe, adjunkvoorsitter van die Studenteraad, se primêre oogmerke vir die termyn is die effektiewe en doelmatige inskakeling van 1982 se eerstejaars

by die universiteitsgesin.

Die pionierswerk wat op hierdie gebied gedoen moet word is nie net vir die SSR en die huiskomitees van belang nie, maar behoort ook vir elke Puk 'n besondere geleent-

heid te wees om kenmerkende Pukaanpasbaarheid aan die dag te lê.

Baie noue samewerking tussen die verskillende komponente van die georganiseerde studentelewe en begrip by die algemene Puk-student vir die nuwe

benadering tot die ontvangs en inskakelingsprogram sal die hoeksteen vorm om te verseker dat die unieke en gesonde Puk-gees nie in die slag bly nie.

Lukas het genoeg vertroue in die verantwoor-

delikheid en lojaliteit van die Pukke om daarvan oortuig te wees dat 1982 se eerstejaars op 'n gesonde en positiewe wyse ontvang sal word.

Leemtes

Kontrolewerk oor die SSR-portefeuljes sal steeds prioriteit geniet. In dié verband sal veral aandag daaraan geskenk word om toe te sien dat leemtes en behoeftes wat deur die

vraelys geïdentifiseer is, te vul.

'n Ideaal vir die nuwe termyn is om die kommunikasiegaping tussen die SSR en die studentemassa te oorbrug en onbetrokkenheid effektief teen te werk. Die SSR moet nie die geleentheid verlore laat gaan om prinsipiële leiding te gee en deeglik te besin oor die werklike behoeftes van die studente nie.

● Mario Smith Skakeling na buite moet sinvol wees

Interne en eksterne skakeling met die klem op die sinvolheid daarvan, gaan die hoogste prioriteit geniet in Mario Smith, SSR-lid vir Openbare Betrekkinge

en Reklame se portefeuljewerk.

Eksterne skakeling behels die skakeling met alle ander kampusse en buite-instansies om so-doende die meestal verwronge en verdraaide beeld van die Puk in alle opsigte te probeer herstel. Die positiewe van die Puk moet meer opsigtelik word.

Interne skakeling is die primêre taak van die SSR. Daarby moet ons tred hou met veranderende omstandighede, sonder om ons beginsels hier onder te laat ly. Omdat beter kommunikasie tussen die SSR en die massa vir beide van groot belang is, moet hierdie saak aandag geniet.

werpe vir die kompetisies is nog nie vasgestel nie.

Verder word daar beoog dat die ASB 'n groep studente op 'n besigtigings-toer na Soweto neem.

Beter reklame en bekendmaking van plaaslike en nasionale projekte soos die ASB-kongres, Fiësta en Kuesta sal ook aandag geniet.

● Werner Eksteen

ASB na Soweto

Werner Eksteen, SSR-lid vir ASB gaan naas die nasionale projekte van die ASB ook poog om plaaslike aktiwiteite aan te bied.

Redenaarskompetisies tussen koshuise op eerstejaars- en senior-vlak sal gehou word. Goeie pryse sal aan die wenners toegeken word. Onder-

ontspanning moet so gou moontlik verbeter word.

Die resultate wat verkry sal word uit die kommissie oor die SSR se behoeftebepalingsvraelys, sal moontlik ook veranderinge aan die verkiesingsstelsel en die stelsel van verteenwoordiging meebring. Die veranderinge sal dan in die SSR-reglement opgeneem word.

Ontspanning bly soos in die verlede 'n belangrike saak. Die heel belangrikste, so vroeg in die termyn, is die Lentefees wat binnekort sal plaasvind.

● Irma Janse van Rensburg

Irma plaas lentefees bo

Irma Janse van Rensburg, SSR-lid vir Grondwette, Verkiegings en Ontspanning, wil die hersiening van die grondwette en reglemente deurvoer na

alle rade en onderliggame.

Dit blyk dat daar heelwat liggame op die kampus is wat sonder 'n grondwet en of reglement funksioneer

● René Reyneke

Etes kry aandag

René Reyneke, SSR lid vir Studentediens, sien sy portefeulje as 'n portefeulje wat direk aan die studente moet diens lewer. Daar sal dus gepoog word om die student voortdurend in gedagte te hou en sy belangte op die hart te dra.

kry. Daar sal indringend gekyk word of daar nie 'n stelsel ingebring kan word waar elkeen net vir die etes betaal wat hy wél eet nie.

● Lappies Labuschagne Radio Puk beter en na koshuise

Lappies Labuschagne, SSR-lid vir Karnaval en Radio Puk se eerste prioriteit in die komende termyn is die uitbreiding van Radio Puk na die koshuise en/of eetsale.

Daar sal gepoog word om die gehalte van die

omroepers, musiek, apparaat ensovoorts te verbeter sodat Radio Puk een van die beste kampusradios in ons land sal wees.

Verder sal hy met NASRO skakel om ook daar soveel as moontlik finansiële steun te kry.

Tydens Karnaval sal alle moontlike pogings aangewend word om dit so suksesvol as moontlik te maak.



Zelda Nel

My Volksverlede spook elke oggend by my wanneer ek oor kluite en klonte my weg klas toe probeer vind. Al wat my lewendig daar kry, is 'n redelik betroubare kompas en die gedagte aan daardie moedige Voortrekkertannies wat die Drakensberg kaalvoet aangedurf het.

Kom ons erken dit nou maar — selfs ons Pukke het hier en daar die enkele tekortkominge. Aan een ding is ons egter nie skuldig nie — by ons is

daar geen gebrek aan vooruitgang nie. 'n Man soos Van Gogh sou byvoorbeeld albei sy ore wou gee om die stuk chaos tussen die biblioteek en die Plantkondegebou in pastel op doek impressionisties weer te gee. Hierdie manie oor kampusverfraaiing eis tog sy tol. En nou praat ek nie van geswikte enkels en modderbekoekte skoene nie.

Verby is die dae wanneer jy ligvoets en douvars soos 'n reënfeetjie jou eerste klas kon binne trippel met 'n lied in jou hart. Die oorlewingskursus wat deurgemaak word voordat jy jou bestemming bereik, laat 'n mistroostige toneel homself afspeel. Die enigste verbintenis met die reënfeetjie-beeld, is dat studente drupsgewys en waternat die klas instrompel nadat 'n paar boeke langs die pad in die slag moes bly.

Dit laat 'n mens sug in dankbaarheid dat jy nog eerstejaar was toe kampusoriëntering nie 'n beroep op jou sin vir safari's

en jou algehele fiksheid gemaak het nie.

Laat ons nie daaroor stry nie — die Pukkampus is baie nader aan Stellenbosch se idilliese omgewing as wat hy nog ooit was. Nog 'n paar berge hier en daar, miskien 'n waterval en 'n paar kabouterbeeldjies, en ons hoef glad nie vir die Maties agteruit te staan nie.

Intussen word dit stadig maar seker warmer, en dit beteken onder meer dat soutpille liefies by alle klouter- en klimgereedskap gevoeg moet word.

Suiderkruis

Die Direkteur van die Buro vir Militêre Skakeling, kol. Pieter van der Walt, is op die provinsiale hoofbestuursvergadering van die Suiderkruisfonds op Benoni tot die provinsiale voorsitter van die vereniging in Transvaal verkies. Hy het ook sitting in die nasionale hoofbestuur van die Suiderkruisfonds.

Huis en Tuin

Tomstraat 82B — Tel. 4641

Sê dit met blomme van
HUISEN TUIN

Kom ondersteun ons en ons steun julle in julle liefdesake.

Blomme
Ruikers
Plante

Afleweringe gedoen

Studente
se blommewinkel

Daglig gloeilampe
waer beskikbaar



WESVAAL DIAMANTE

Verskaffers van juweliersware
direk aan die studente teen
vervaardigerspryse

Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang. Gratis waardasies met elke artikel. Reparasies en veranderings aan juweliersware.

Frans en
Eina Muller

UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)

Ons koop u ou
juweliersware.

TEL: 5574

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM

DIENS IS ONS TROTS

Boutique

DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS

Eien, Elmine Brits

Karnaval oor strokies en spotprentkarakters

DIE tema van Karnaval '82 is strokiesprent en spotprentkarakters en die titel Lag-'n-slag wil die hele gees van Karnaval '82 uitdra. Dit vind op 16 en 17 April 1982 plaas. Die idee van 'n karnavalplaas word voortgesit, maar dié keer op die weermag-

gronde agter die ou muurbalbane. Dit is heelwat nader aan die sentrale kampus as die Fanie du Toit sportterrein.

Die Karnavalkomitee beplan om 'n pop-konsert in die amfiteater aan te bied waarheen twee popgroepe genooi word. 'n

Wyntuin — wat 'n baie deftige eetplek gaan wees — sal ingestel word.

Karnaval '82 bied ook motivering vir meisies wat gewig wil verloor. Hulle sal letterlik en figuurlik op die hande gedra word!

'n Drastoel-kompetisie word beplan. Ses mans

van elke koshuis sal van Bailliepark af met 'n meisie begin stap in aflosspanne tot by die kampus.

Die meisies moet egter 'n sekere gewig wees om te kwalifiseer...

Die vlotte sal nie weer buite Potchefstroom ry nie, net in die dorp. Verkoopstoere in Wes-Transvaal word egter vir die vakansie gereël waartydens die Pukkies verkoop sal word.

'n Rofstoei-geveg sal aangebied word, asook die Kaap-na-Rio-wedvaart, die Vrydagoggend, en sport die middag. Die Senaat het besluit dat daar net Donderdag- en Vrydagaand vlot gebou mag word. Die stalietjies mag weer by die koshuise self gebou word. Hulle moet egter so mobiel as moontlik wees omdat hulle in die dorp sal staan om die Potchefstroom-publiek (en hul beursies?) te betrek met Karnaval.

Geen kommentaar

H. K. SITKAMER



Koshuisindeling

Die volgende koshuise gaan met Karnaval op 16 en 17 April 1982 saamwerk: Heide en Dawie du Plessis, Karlien en Amajuba, Kasteel en Villagers, Klawerhof en Hombré, Kulu, Dinki en Dampad II, Oosterhof en Caput, Vergeet-my-nie en Dampad I, Wag-'n-bietjie en Over de

Voor, en Wanda en Oppikant. Die karnavalkomitee het gesamentlik besluit oor die indeling. Koshuise wat nog nie die geleentheid gehad het om saam karnaval te hou nie kry nou die kans. Daar is ook gekyk na die getalshouhoudings tussen die koshuise.

Politiese wetenskappe na ou administrasie

DIE Politiese Wetenskappe het die begin van September verskuif na die ou administrasiegebou.

Daar is twee redes vir

die verskuiwing: die Politieke Wetenskappe was eers gehuisves in die Ekonomiese Wetenskappegebou en laasgenoemde het uitgebrei en die ruimte self nodig, terwyl Volkekunde

wat in die Frans du Toit-gebou gehuisves was, ook meer ruimte nodig het.

Die tweede rede is dat die staatkundige vakke 'n behoefte aan eenheid ontwikkel het. Die vakke het ontwikkel in 'n sub-fakulteit binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Die gebou huisves nou Staatsleer, Ontwikkelingsadministrasie, Internasionale Politiek en Volkekunde. Volkekunde het verhuis omrede dit tesame met Ontwikkelingsadministrasie deel is van die Afrikaanstiek. Die gebou verskaf ook meer ruimte aan die Volkekunde-museum.

Die gebou huisves ook die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, professor A J Viljoen.

Die gebou sal waarskynlik vernoem word na oud-dosent L.J. du Plessis. Hy is die grondlegger van die Politieke Wetenskappe, deurdat hy begin het om Staatsleer te doseer.

Hy was 'n regsgeleerde en het aanvanklik Latyn en Grieks gedoseer. Hy het 40 jaar aan die Puk doseer en was departementshoof en Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.



• Dit mag goedkoop vervoer wees, maar as jy 'n papwielietjie kry, boeta... Pieter Coetzee, 'n tweedejaar-student (Villagers), het hierdie ekonomiese vervoermiddel self gebou. Hy ry selfs dorp toe en stuit nie vir 'n brug nie. Pasop dus: hierdie man ry glo teen 'n verwoede spoed!

Beskermhere vandag op kampus ontvang

Die Raad van die Beskermhere van die Universiteit vergader Vrydag 18 September om die Universiteit van raad te bedien oor fondswerving, die uitdra van die naam van die Universiteit, ensovoorts. Prof Tjaart van der Walt lig hulle ook in oor nuwe ontwikkelinge by die Universiteit.

Die Raad bestaan uit vyftig mense uit invloedryke kringe. Die voorsitter is dr Tommie Muller, die voorsitter van Yskor. Ander lede is min FW de Klerk, mnr Hennie van der Walt, voorsitter van die konsolidasiekommissie, mnr Samuels, voorsitter van Bankovs, en dr P E Rousseau, voorsitter van Federale Volksbeleggings. Die Raad van Beskermhere bestaan van 1965 af.

Rus en orde by massavergadering

RUSTIGHEID en orde-likheid was kenmerkend van die massavergadering wat op Donderdagaand 27 Augustus

in die Totiussaalgelohou is.

Op die vergadering is 'n kommissie benoem vir die

praktiese implementering van die SSR-behoeftebepalingsvraelys. Hulle is Connie Jacobs, Martha D'Assonville, Hendrika Coetzee, Marietjie Coetzee, Piellies Kotze, Wim Vergeer, Nico Lemmer en Harry Lichtheim.

Ideologika kyk na sesde gebod

IDEOLOGIKA is besig met 'n diepte-ondersoek na die hantering van die sesde gebod in die studente-ewe.

Die ondersoek word in opdrag van die SSR geleods. Dit word gedoen na aanleiding van die optredes van die AWB, swart-smeedery en belaglikmaking van ander persone in die politiese opset van Suid-Afrika.

Ideologika wil elke student die geleentheid bied

om sy standpunt te stel. Dit kan gedoen word deur pleitskrifte of skriftelike kommentaar aan die ondersoekkomitee te rig. Hulle is Fanie Vorster, Caput, Magda Potgieter, Vergeet-My-Nie, Willem van der Meer, Hombré, Jan Steyn, Caput en Thys Kruger in die dorp.

• Juwele! Rokke!

• Alles vir die hare!

Wat meer wil julle hê?

Kom kry dit by ons!

Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254

Curiosity Hut

EV'S PLACE

"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"

Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)

Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!

SR-voorsitter gebad



● Frikkie, sien jy regtig kans vir hierdie meisies?

AL gehoor van 'n SSR-voorsitter wat deur meisies gebad is? Die Baddies (Badkomitee van Wag-'n-Bietjie) het besluit dat Frikkie van Niekerk eers gebad moet word voor hy sy take behoorlik sal kan uitvoer.

die verrigtinge te kom bywoon. Frikkie, nog te naief om meisies van 'n wandaad te verdink, stem in.

Nadat Frikkie die spanning van die uitslae saam met die Wag-'n-Bietjies deurgemaak het, is hy versoek om reg te maak vir die bad. Ons geagte SSR-voorsitter is blykbaar 'n bitter liggeloweige man en weier toe om so iets te glo. Sy bedenkinge kry hy eers met die aanskoue van die atletiek-drag en waskamer wat op hom wag.

Onder 'n luide getellery

van die meisies wat hy duidelik agter die deur kon hoor, trek hy vinnig uit en sy "badklere" aan.

Met die uitkomstig span hy tevergeefs sy atletiek-talent in. Die Baddies het so 'n weghardloop-aksie verwag en hom streng bettig.

Met 'n geworstel is hy uiteindelik in die sink-emmer geprop, selfs kop-onder. Die badwater bestaan uit onder andere sand, duiwelsdrek, die inhoud van 'n asblik, lemoenskilte en kleursel.

U 5 se badkamer is intussen reggemaak vir Frikkie en 'n heerlike skuimbadd wag. Toe hy van sy eie skoon klere in die badkamer sien, kon hy nie besluit of hy bly is daaroor en of hy sy kamermaat gaan regsien oor die ver-raad nie.

Die bad, sjampoe wat geskenk is en koffie daarna het egter nie veel help om sy hart te versag nie. Van agter die deur het hy luidkeels wraakplanne vir die Baddies verkondig.

Besondere B.Sc graad

DIE Puk is die enigste universiteit wat 'n B.Sc. graad in tegniese vakke aanbied.

Hierdie graad bied verskeie beroepsmoontlikhede. Saam met 'n hoër onderwysdiploma kan iemand met so 'n kwalifikasie onder meer onderwyser aan 'n hoër tegniese skool of gewone sekondêre skool word, asook in diens-opleidingsbeampte in die nywerheid.

Die student kry genoeg praktiese opleiding tydens die kursus sowel as teoretiese opleiding op 'n hoër vlak. Drie spesialisasierrigtings word aangebied, naamlik Boukunde, Werktuigkunde en Elektrotegniek.

Boukunde word volledig op die hoofkampus aangebied. Die praktiese werk vir Elektrotegniek en Werktuigkunde word tans nog by die Technikon op Vanderbijlpark aangebied, maar behoort vanaf 1982 ook op die Puk gegee te word.

Die kursus sluit sommige eerste-, tweede- en derdejaarsvakke vir ingenieurswese en ander B.Sc.-vakke in sodat 'n student erkenning sal ontvang vir die vakke wat hy reeds afgelê het indien hy na suiwer B.Sc sou wou

oorskakel.

Wiskunde I en Fisika I is verpligte B.Sc.-vakke vir al drie die spesialisasierrigtings. Daar is ook keusevakke: Chemie I of Toegepaste Wiskunde I; en of Wiskunde II, Fisika II of Chemie II. Tegniese Tekene, Ontwerp I en II en Tegnieke I en II is verpligte tegniese vakke vir al drie spesialisasierrigtings.

Die student moet altesaam sestien weke praktiese werk aan die einde van hul eerste, tweede en derde jaar voltooi.

Vereistes

Matriekvrystelling of 'n gelykstaande eksamen met Wiskunde op hoërgraad, of minstens vyftig persent in die standaardgraad, word vereis. 'n Voornemende student moet ook 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, minstens op standaardgraad, geslaag het.

Die onderwysdepartemente stel 'n aantal beurse beskikbaar aan studente wat die B.Sc.-kursus met tegniese vakke en die gepaardgaande Hoër Onderwysdiploma wil volg. Daar is ook ander beurse en lenings beskikbaar.

Moontlikhede

Die kursus is veral

waardevol vir 'n onderwyser aan 'n tegniese skool waar handvaardigheid op 'n ander vlak as dié van die ambagsman teoreties en opvoedkundig gestaaf moet kan word. Met die selfde kwalifikasie kan Wiskunde of Natuur- en Skeikunde gegee word.

Verder maak die kombinasie van handvaardigheid, teoretiese kennis en opvoedkundige bekwaamheid hierdie kursus geskik vir 'n indiens-opleidingsbeampte.

Dosente

Die hoof van die Departement Tegniese Vakke is mnr Coert du Toit, 'n siviële ingenieur. Ander personeellede is mnr Nico van der Walt, ook 'n geregistreerde siviële ingenieur en voorheen betrokke by die Ruacana-projek in Angola; mnr Josef le Grange, voorheen hoofmeter van die Departement van Waterwese; en mnr Kobus Britz, Bob Mills, Johan Jones en Hannes Gelderblom.

Navrae kan gerig word aan mnr Coert du Toit by telefoon (01481) 2-2112 x 585, of aan Die Direkteur, Studenteburo, PU vir CHO, POTCHEFSTROOM, 2520.

Linda gee die lente woema

KASTEEL het die Lente 'n hupstootjie probeer gee deur 'n lentenooi te kies. Linda Enslin, 'n derde jaar B. Juris student, is gekies.

Blok K het die kompetisie geloods om geld in te samel vir versiering van hulle blok. Elke gang het 'n dame genomineer en 'n bedrag is vir inskrywings betaal.

Die genomineerdes moes hulle eie klere gebruik en 'n modeparade hou. 'n Huishoudkunde dosent en 'n mannekyn het ses finaliste gekies. Die keuse is op grond van hulle houding en keuse van die klere gemaak.

Die finaliste moes twee uitrustings by 'n klere-winkel in die dorp uitkies en weer 'n modeparade hou. Op grond van die lentegees wat hierdeur weer-spieël moes word en 'n

grasieuse houding, is Linda gekies.

Sy het 'n R30 koopbewys van die winkel gewen. Liana Bosch is tweede en Louise Prinsloo derde.

Die koshuis beplan om die kompetisie miskien meer uit te brei en dit volgende jaar voort te sit.



● Liefde is in die lug met die lente en Linda Enslin, Kasteel se Lentenooi.

gereeld braaivleis gehou het.

Jaco Venter, die voorsitter van Florna, was ook die organiseerder van die kamp.

'n Student wat die kamp bygewoon het sê 'n aangename ontspannende gees het die kamp gekenmerk.

Florna: kamp

FLORNA het die langnaweek 'n suksesvolle kamp by Rustenburg-kloof gehou.

Die kamp is gehou van die Donderdagsmiddag 3 September tot Sondagmiddag, en sowat twintig studente het dit bygewoon. Die kampeerders het baie berg geklim, 'n soektog op tou gesit na die oorsprong van 'n waterval en dikwels die drie swembaddens gebruik. Ten spyte van die onlangse sneeu oral was die weer die naweek baie gunstig. Almal het in tente gebly en daar is ook self kos gemaak, wat meegebring het dat hulle

Geld, geld, geld...

Alle meisies wat graag meer mensekennis en -verhoudinge wil opdoen en 'n motor wil wen, is welkom om in te skryf vir die Debutante-kompetisie.

Daar het nog net nege inskrywings gekom, terwyl die Karnavalkomitee 'n minimum van veertig wil hê. Die eerste prys vir die meisie wat die meeste geld insamel is 'n motor. Die tweede en derde prys word persentasiegewys van die bedrag wat ingesamel is, toegeken. Die meisie wat meer as R15 000 ingesamel het, kry 15 persent daarvan en 10 persent vir die ander.

Uit die Debutantes word die Karnavalnootjie vir 1982 gekies, wat ook sal

optree as Sjampanje-nooi met die intervarsities teen die Raukies en Kovsies.

Die Karnavalnootjie sal 'n sjarmante dame moet wees met die nodige waardigheid om die pos te beklee. Dit gaan dus meer om persoonlikheid en houding as voorkoms.

Marietjie du Plessis het verlede jaar gewen met 'n rekordbedrag van ongeveer R14 800. Dit is die

hoogste bedrag wat enige Debutante by enige Universiteit in Suid-Afrika nog ingesamel het.

Daar kan nog tot 22 September ingeskryf word. Die volgende mense kan vir verdere inligting gekontak word: Bennie Truter, Konvener (Debutante) van Over de Voor en Lappies Labuschagne, Konvener (Karnavalnootjie) van Liberalia.

ALEF JUIWELIERS

Fabriekspryse op diamante en handgemaakte juweliersware

- Ontwerp u eie verloof- en trouing
- Waardasiesertifikaat met elke diamant
- 15 jaar ondervinding as diamantslyper

Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.

Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer),
Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.

Die Wapad benodig nog redaksielede.

Aansoeke kan in bussie 13 by die inligtingshokkie ingegooi word.

Betrekking vakant

'n Deeltydse student word benodig vir verf- en hardewarewinkel. Doen persoonlik aansoek by: **M.C. van Eeden, Checkersentrum, Potchefstroom, Tel: 23966.**

die WAPAD

● Koshuisraad

Die onproduktiwiteit van Koshuisraad gedurende die afgelope termyn word maklik toegeskrif aan die onbetrokkenheid van die massa of aan 'n oorgeorganiseerde studentelewe. Dit is 'n gerieflike en — helaas — 'n algemeen aanvaarbare diagnose. Hierdeur loop ons egter die gevaar — soos só dikwels gedoen word — om simptome as die oorsaak te diagnoseer.

Die oorsaak lê veel eerder daarin dat mense wat nie behoorlik vir hulle taak opgewasse is nie, op Huiskomitees verkies word. Dit is veral die geval by manskoshuise. Gewildheid is dikwels die deurslaggewende faktor, terwyl verantwoordelikheid, diensbaarheid en nederigheid wat só noodsaaklik is om van Koshuisraad 'n prestige-raad te maak, kortkom.

● Polstu

Die moontlikheid dat Polstu weer die groen lig op ons kampus gaan kry, is voorwaar verblydend.


Polstu het ten doel gehad die akademiese besinning oor aktuele politieke vraagstukke. Die krag van só 'n organisasie behoort dan juis te lê in die reklamering van die resultate van hierdie akademiese besinning. In hierdie belangrike aspek was Polstu maar taamlik stil.

Ons vertrou dat as die aanbeveling goedgekeur word, ons beslis meer van Polstu sal hoor.

HOOFREDAKTEUR: Hansie Vermeulen, Makoulei, Tel. 22229. **NUUSREDAKTEUR:** Trudie Scholtz, Vergeet-My-Nie, Tel. 5211. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg, Tel. 25481.

Boodskappe kan in bussie 13 by die inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.

Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h00



Joh. 17 14,15: Ek het hulle U woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat omdat hulle nie van die wêreld is nie net soos Ek nie van die wêreld is nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie maar dat U hulle van die Bose bewaar.

Reeds, en tog nog nie!
Die lewe van die gelowige op aarde word gekenmerk deur hierdie paradoks: reeds verlos- en tog nog nie in die volkomeheid daarvan nie! Om dit op 'n ander manier te stel: In die wêreld maar nie van die wêreld nie. In verse 14 en 15 gebruik Johannes die begrip wêreld in twee verbande, die een: wêreld as skepping van God en die ander: wêreld as aanduiding van afval en opstand teen God.

Juis hierdie toestand beteken vir die gelowige stryd aan die een kant en verantwoordelikheid aan die ander kant. Ten spyte daarvan dat die gelowige gehaat word deur die wêreld ter wille van die waarheid wat aan die gelowige gegee is, word die gelowige kind van God geroep en gestuur om hierdie Woord te laat hoor. Die wêreld is ook die ruimte waarbinne die Evangelie verkondig moet word.

Dit veronderstel noodwendig stryd en teekanting. Daar is in die wêreld wat God haat niemand so ongewild as die gelowige wat met die Woord lewe nie.

Aan die ander kant moet die kind van God ook waak: Paulus vermaan in Romeine 12:2, "word nie aan hierdie wêreld gelyk-vormig nie".

Die Christen word nie uit die wêreld weggeneem nie, ons moet ons plek inneem, gaan waar God ons stuur terwyl ons leef uit die "reeds" van ons verlossing. Hier tree Christus self vir ons in as Hy bid dat ons van die Bose bewaar mag bly. Watter heerlike versekering!


Tegelyk dus ja en nee vir die wêreld. Ja vir besittings, geld, plesier, sport, nee as hierdie dinge ons beheers of ons uitsig versper op Christus. Ja vir 'n beroep, akademiese skoling, wetenskap; nee as ek daarin opgaan.

Die spanning tussen in en tog nie van die wêreld nie is vir die gelowige die goue middeveg, die weg van Christus wat die waarheid en die lewe is.

Ons mag hierdie spanning nooit ophef nie, ons is nie van hierdie wêreld nie, net soos Christus nie van hierdie wêreld is nie. Dit beteken egter nie 'n passiewe gaan-maar-elke-dag-aan nie! Nee, ons moet werk, leef, speel, jonk wees, maar só dat die reeds van ons verlossing in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees elke dag helderder in ons lewe na vore sal kom.

Gelowige, moenie burgerskap in hierdie wêreld probeer verkry nie, bou nie permanente huise hier nie, jy is bywoner, immigrant hier op aarde, tentbewoner op pad na die Vaderhuis met sy baie woning.

Peet van den Berg



Koshuisraad moet prestige afdwing

— Nico Lemmer —

Motivering en verantwoordelikheid het vanjaar in die Koshuisraad ontbreek.

Dit blyk duidelik uit die jaarverslag van die vorige Koshuisraadsvoorsitter, mnr Barend Kirsten. Koshuisraad het van Maart tot 13 Augustus vanjaar geen vergaderings gehou nie, klaarblyklik weens gebrek aan sake om aan aandag te gee. Die bestaansreg van die raad kom daardeur in die ge-drang.

Die vraag is egter of die huidige opset van die georganiseerde studentelewe nog aan sy doel beantwoord.

Daaroor bestaan daar wydeenlopende menings, wat strek van diegene wat meen dat die huidige opset in alle opsigte bevredigend is tot ander wat die struktuur in sy geheel verwerp en oorboord wil gooi.

Diegene wat ten gunste van die behoud van die huidige opset is voel dat die probleem eerder gesoek moet word by die gebrek aan betrokkenheid en gemotiveerde werk van die kant van die massa en studenteleiers. Die ander voel weer dat die studentelewe gekort-wiek word deur 'n stelsel wat lomp, oorgeorganiseerd en nie verteenwoordigend van studentebelange is nie.

Van vele kante, onder andere die vorige voorsitter van Koshuisraad, word gesê, Koshuisraad kon nie funksioneer nie weens 'n gebrek aan prestige en gesag. Die raad het "hoogstens aanbevelingswaarde"

want alle besluite moet nog deur die SSR goedgekeur word. Die SSR en Koshuisraad bots omdat die SSR nie koshuisstandpunte verteenwoordig nie. Dit gebeur omdat die verteenwoordigingsverhouding van koshuisinwoners op die SSR in wanbalans is met die aantal koshuisinwoners. As oplossing word gesê dat die koshuise baie groter verteenwoordiging (deur HK-lede of prims) op die SSR moet kry en dat Koshuisraad meer prestige en gesag moet kry.

So 'n standpunt strook nie met die feite nie en maak geen sin nie. Prestige word verdien, nie gegee nie. Wat gesag betref, het die Koshuisraad vanjaar nie eens begin om dit wat hy het te gebruik nie, behalwe op 'n ongeoorloofde wyse. Om uit die SSR-voorsitter mnr. Jan-Louis du Plooy se jaarverslag aan te haal: "Die aanmoediging van die SSR aan Koshuisraad om vir homself gesag en prestige te verkry deur sy taak effektief uit te voer is skynbaar deur die raad verkeerdlik verstaan as sou hy die gesag hê om besluite te neem wat buite sy bevoegdheid val. Die bevordering van die gesag en prestige van Koshuisraad lê in die n-koming van sy eie verantwoordelikheid en ontginning van nuwe terreine."

Die pligte van die Koshuisraad in die algemeen is om aandag te gee aan die woon- en werkomgewing van die student, oriëntering en uitoefening van dissipline en tug,

onder andere ten opsigte van wangedrag met Karnaval en Intersvarsity.

Nuwe inisiatiewe wat vanjaar in die lang winterstille ingepas kon word is beplanning van die inskakeling van die nuwe koshuise en opbou van 'n koshuisgees daarin, werk aan die probleem van koshuisgees vs Pukgees en hulp met die daarstel van meer doeltreffende skakeling tussen die SSR en studente. Behalwe oriëntering het niks daarvan tereg gekom nie. Dit rym nie met 'n pleidooi vir hoër status en meer verantwoordelikheid nie.

Die sogenaamde wanverhouding in verteenwoordiging is ook al afgesaag. SSR-lede is self koshuisinwoners en het self groot belang by die koshuislewe. In die opsig is hulle heeltemal bevoeg om beleid t.o.v. die koshuislewe te bepaal. Vanjaar moes die SSR met die bestuurskomitee van die universiteit onderhandel oor spesiale laataande vir dames tydens intersvarsity — iets wat met beleid niks te make het nie en wat hoort by Koshuisraad wat alle nodige gesag daarvoor het.

In die geheel gesien is daar probleme met die studentelewe en ondersoek na die bydrae van die huidige struktuur sal help om dit te verlig. Maar dat 'n gebrek aan inisiatief grootliks bydra is 'n feit. Om nou maar sommer strukture te wysig sal nie probleme oplos nie maar nuwes skep.

Waarheen gaan Korps nou?

Korpsraad het vanjaar probeer werk sonder om te weet waarvoor.

Die gewese voorsitter van Korps, mnr. Piet Fanoy, sê in sy jaarverslag dat Korps in die afgelope jaar grootliks gefaal het in sy taak om aan die kampus prinsipiële leiding te gee.

Volgens die huidige voorsitter, mnr. Koos Venter, was Korpsraad se groot probleem dat die terrein waarop Korps moes werk vaag geword het. Die raadslade was ongemotiveerd omdat hulle nie gewoont was met die praktiese rol van Korps werklik is nie. Daar is nie doelwitte gestel om na te werk nie.

Seerplekke

Oor die bestaansreg van Korps bestaan daar geen twyfel nie. Die werkswyse sal egter heeltemal moet verander. Die spesifieke afbakening van werksterreine wat deur 'n kommissie van ondersoek uit Korps vir die komende termyn gedoen is, is 'n stap in die regte rigting. In die toekoms sal Korps moet werk aan die identifisering van knelpunte en seerplekke in die studentelewe. Dan kan aktuele prinsipiële leiding gegee word wat 'n lankgevoelde behoefte sal bevredig.

IP studente besoek Pretoria

Die studente van Internasionale Politiek het op 13 Augustus 1981 hul jaarlikse besoek aan Pretoria gebring. Die kantoor van die Eerste Minister, die Vloothoofkwartier en die Britse Ambassade is besoek.

Prof. C P van der Walt en mnr. J F Kirsten het die groep vergesel.

By die Kantoor van die Eerste Minister het mnr. Neville Krige die werking van die nuutste staatsdepartement verduidelik. Dit is opvallend dat daar voor 1980 nog geen grootskaalse organisasie in die verband was nie.

In die hoofkwartier van die Vloot is die groep onthaal deur o/lt. Esmané Roux, 'n oud-student van die Puk. Twee vlootkapteins het die strategiese belangrikheid van die vloot vir die verdediging van die RSA en die tipes vaartuie waarvoor die vloot beskik, bespreek.

Die hoogtepunt van die dag was ongetwyfeld die middagete in die Vlootmenasie saam met die Vlootoffisiere. Die menasie was vroeër die Union Hotel.

Na middagete is die Britse Ambassade besoek. Twee eerste sekretarisse van die Britse Departement van Buitelandse Sake het oor die beoefening van die diplomatie gepraat.

Jan Louis se sterk leiding toegejuig

— Pieter Fourie —

Die Puk neem afskeid van 'n SSR-voorsitter wat ook op Nasionale vlak erkenning gekry het. 'n Kontroversuele leier, op sy laaste massa-vergadering is hy staande toegejuig. 'n Jaar terug het 'n emosionele massa hom doodgeskreeu.

Die kenmerke van sy termyn was die stimulering van politieke denke en die opbou van persoonlike kontak met die studentegemeenskap (vir Jan-Louis nooit 'n studentemassa nie).

Die laagtepunt vir Jan-Louis was daardie massavergadering, 'n jaar gelede. Volgens Jan-Louis was daar 'n leë en weemoedige gevoel oor die emosionele en onvolwasse optrede van die studente. Sy verkiesing daarna en geslaagde leierskap in 1981 skryf hy toe aan die feit dat hy en ander die erns van hulle standpunt kon oordra.

Massa-vergadering


Jan-Louis reken vir die toekomstige inspektering van dit waar-

voor die PU vir CHO staan. Dit kan uitgedra word deur persoonlike kontak en beginselvaste leierskap.

Die hoogtepunte in sy termyn was die laaste massa-vergadering en die prinsipiële bydrae wat die Puk-leiers telkens op verskillende studente-politieke forums kon maak.

Jan-Louis se vrou, Erina, is sy grootste bron van aanmoediging. Hy glimlag breed as jy praat van die kleinding wat op pad is.

Vorentoe? Net een roeping — die Woordbediening.



● Hansie Vermeulen

Redaksie vir 1982

Die kern- en seniorredaksie van DIE WAPAD 1981/82 is:

Kernredaksie

Redakteur: Hansie Vermeulen
Administratiewe Bestuurder: Johan Myburg
Nuusredakteur: Trudie Scholtz.

Seniorredaksie

Sosiale redaksie: Betsie Kilian. Diepte-artikel redaksie: Gerrie Snyman. Kunsredaksie: Marietjie Potgieter. Fotoredaksie: Lynn Pretorius. Sportredaksie: Herman de Villiers.

SSR het sy beloftes nagekom

“DIE SSR van 1980/81 het sy verkiesingsbeloftes sover moontlik nagekom. Hy het ook sy bes gedoen om die studentegemeenskap te dien”.

Dit was die woorde van Jan-Louis du Plooy, vorige SSR-voorsitter, op die onlangse massavergadering.

Die SSR kan myns insiens terugkyk op 'n redelik suksesvolle jaar. Die onderskeie portefeuljwerk is na behore gedoen en enkele groot projekte

is afgehandel. Die behoeftebepalingsvraelys, aflagkaarte, die sportkaartstelsel en die nuwe oriënteringsbeleid is enkele van vanjaar se hoogtepunte.

Karnaval, Intervarsity en Suikerkaskenades het goed verloop, afgesien van enkele probleme met die RAU-intervarsity.

Van die beloftes wat nie nagekom is nie, is die volgende: Van die beloofde vertoonkas waarin Puk-klere uitgestal sou word, het nie veel gekom nie. Finansiële probleme

was hier die doring in die vlees. Ander sake wat as gevolg van finansies gekortwiek is, is raadsdialoog, skakelaksies met RAU en Tukkie, 'n kennisgewingbord met verskuifbare letters en enkele ander. “Desperate pogings” is wel aangewend om met Pote te skakel, maar die korrespondensie is glo nooit beantwoord nie.

Die dirigentverkiesing sou vanjaar 'n nuwe kleur gekry het. 'n Paneel beoordelaars sou die diri-

gente aanwys om die tradisionele blokstemprobleem op te los. Groot vooruitsigte oor die verkryging van nuwe intervarsity-liedjies is gestel, sonder veel sukses.

Hoewel die SSR vanjaar 'n finansiële krisis moes beleef, het die insig en herbeplanning van die penningmeester die situasie gered.

Die grootste inisiatief wat van die SSR uitgegaan het, was die ondersoek en voorbereiding vir 'n praktiese verandering in die struktuur van die studentelewe.

SGD-vakansieskool einde September

DIE hoërskool in Promosa het vanjaar heelwat gedoen om die leerlinge te help om goeie prestasies te lewer.

Benewens die klasse wat elke weeksaand deur studente aangebied is, is verpligte huiswerkperiodes vir die standaard agt-en matriekleerlinge, wat die eksterne eksamen skryf, smiddae ingestel. Die meeste leerlinge het nie 'n eie kamer of 'n stil

vertrek in die huis waar hulle ongesteurd huiswerk kan doen nie. Dié geleentheid is by die skool geskep.

Hoe nader die einde van die jaar en dus die eksamen kom, hoe bedrywiger was die ekstra klasse, en SGD se klasse is mettertyd gestaak om oorvleueling te voorkom.

Die skoolhoof het SGD versoek om hulle te help met die hou van 'n vakansieskool. Gedurende die

week van 28 September tot 2 Oktober sal daar geleentheid wees vir die standerd agts en matrieks om onder toesig te sit en studeer, en ook ou vraestelle deur te werk.

Studente sal hierdie klasse aanvoer. Belangstellendes wat nog nie by die vakansieskool se rooster ingeskakel is nie, moet hulle so gou moontlik by die SGD-kantoor in die Studentesentrum aanmeld.

Sy nederigheid tref jou met die intrapslag. Hy staan op agter die lesenaar, en gee jou 'n boere-handdruk. Die boereklom kom uit die hartjie van die Vrystaat, waar hy in st 9 reeds hoofseun van sy skool was.

Frikkie is 'n Meestersgraad-student in Fisika. Vriende vertel dat hulle nie weet van 'n keer wat Frikkie onder 80% behaal het nie. Hy wil graag 'n deeglike Christen-Wetenskaplike wees.

Sy entoesiasme borrel oor as hy vertel van die agtermekaar span wat saam met hom trek. Hulle prioriteit is om weer daardie warm Puk-trots uit te bou. Dis vir Frikkie 'n hartseer saak dat ons

Pukke nie meer duidelik weet waarvoor die Puk staan nie.

Minder formele opleiding en meer persoonlike skakeling deur die Puk-leiers is noodsaaklik.

Die dames sal die skakeling veral geniet. Frikkie is 'n “woman's libber” in die positiewe sin van die woord. Hy glo dat alle mense ongeag ras, geslag of kleur gelyk is, en as sulks behandel moet word. Vir een besondere dame is daar dalk nog 'n kans. Frikkie soek rustig na die regte sloopmaat. Sy vrou moet gebalanseerd wees, fyn, tingerig en spontaan, bowenal 'n ware christen.

Oor die studentepolitiek is Frikkie beslis dat die studente na 'n wye verskeidenheid menings moet kan luister en so op

gebalanseerde wyse gestimuleer word. Die studenteraad moet geleentheid skep vir politiek praat en nie self te veel op amptelike vlak praat nie. Die A.W.B. moet nie op die kampus kan funksioneer nie. Dis nie dat Frikkie links is nie; die A.N.C. sal ook nie hier toegelaat word nie.

Oor volkereverhoudinge sê Frikkie dat geweld geen oplossing vir Suid-Afrika sal bied nie. Ons moet alles in ons vermoë doen om bande van vrede en vertroue met al die bevolkingsgroepe te smee. Studente moet deur die A.S.B., politiese raad en ander vreedsame studentepolitieke organisasies werk om versoening te bring tussen bevolkingsgroepe.



STUDENTEBURO

Wie vorm die inhoud en materiaal waarmee landswyd getoer word? Dis julle, die studente van die Puk. Danksy julle bestaan daar so 'n studenteselskap waarop die Universiteit met reg trots kan wees. En tog... hoeveel wanopvattinge bestaan daar nie insake Alabama nie!

Hoeveel studente is bang om na die keuring te kom; hoeveel dink dat daar soveel ander is wat keuring toe kom dat hulle geen kans het nie; hoeveel is van mening dat die standaard vereis van orkeslede (kitaarakkoorde, sintetiseerders, orrel, koperblasers ens) te hoog is; dat stemverwerkings te moeilik is, van beligtings- en klanktegnici intensiewe kennis verwag word, en wat nie nog nie

As opvoedkundige inrigting dra die Universiteit by tot addisionele kennis en ondervinding. Deur middel van toergroepe soos Alabama lewer die Universiteit 'n diens aan jou deur op so 'n wyse toere tot jou beskikking te stel waardeur

jy groot dele van die land te siene kry, mense ontmoet en leer ken, in noue kontak kom met die pers, die teater, die plaemark en televisie. Maar netso leer jy verantwoordelikheid aan, lewer jy 'n diens, benut jy jou studiejare tot die laaste minuut, kry jy 'n uitlaatklep weg van jou boeke, ontmoet jy miskien die maat vir die res van jou lewe...

Alabama repeteer vir ongeveer driekwart van die instudeerfase slegs 4 uur per week (sangers) en 3 uur per week deur die orkes. Akademie, klasbywoning en die skryf van toetse en eksamens bly steeds by ons ook 'n prioriteit en word Alabama slegs in jou vrytyd beoefen. Die instudeer van alle musiek, beligtings- en klanktegnieke word so eenvoudig moontlik van nuut af instudeer en is kennis oor die lees van musiek nie 'n vereiste vir sangers nie.

Kom gerus keuring toe, daar is geen spoeke of vrese wat jou daarvan weg hoef te hou nie! Die keuring vir 1982 vind DV plaas op 8 Februarie 1982 — ons soek jôu vir Alabama!



ELKEEN van ons het die een of ander tyd die professionele dienste van 'n dokter nodig. Wanneer daardie dag aanbreek hang dit nie net van die dokter af hoe vinnig en doeltreffend die diens gelever word nie, maar ons eie optrede, gesindheid en kennis speel ook 'n rol.

Om die beste samewerking en behandeling van die dokter te verkry, moet die pasiënt oor sekere inligting beskik sodat aan 'n

Dokter en Pasiënt

gesonde dokter-pasiëntverhouding gebou kan word. Die veranderde omstandighede waarin ons lewe laat talle vrae ontstaan oor die dokter-pasiëntverhouding en veroorsaak soms misverstande.

Hoe kan ons dan die beste gebruik maak van die dienste van die huisarts, die spesialis en ander lede van die gesondheidsspan? Die antwoord is weer eens deur 'n gesonde verhouding tussen die lede van die span en die pasiënt en om die no-

dige kennis en insig te hê wat onder andere die volgende aspekte sal dek:

Ken die dokter en hulle wat hom help.
Kies vroegtydig 'n dokter.
Ken jou regte en voorregte en die van die dokter.
Weet wanneer om 'n dokter se hulp in te roep.
Werk saam met die dokter.
Dra kennis van beskikbare mediese dienste wat in kl' eke en hospitale aang' eed word.
Weet hoe om doktersrekeninge te hanteer.
Weet waar en hoe om te kla as klages geregtig is.



KUNS EN VERMAAK

Fyn aanvoeling vir voëls



• Die onvergelykbare Weense Seunskoor wat hul enigste optrede in die Wes-Transvaal Woensdagaand 30 September in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum van die PU vir CHO gee.

Seunskoor sing hier

Die uitvoering in Potchefstroom, die enigste in die Wes-Transvaal, word geborg deur die Oude Meesterstiging vir die Uitvoerende Kunste.

Plekbespreking vir dié aanbieding is reeds oop by Bukana Boekwinkel in die Checkers-sentrum, Harolds Volkswagen en die Inligtingsburo by die Studentesentrum. Besprekings per telefoon sal aanvaar word by Potchefstroom telefoonnommer (01481) 2-2112 uitbreidings 549 of 594.

Die Weense Seunskoor wat Suid-Afrika vanjaar die agtste keer besoek, bestaan uit 22 seuns. Hulle repertoire bestaan uit 'n verskeidenheid liedere en sluit van hulle gewildste Duitse en Latynse werke in. Die dirigent is Michael Gormley.

Die vier Streekrade vir die Uitvoerende Kunste het met hierdie toer van die Weense Seunskoor die vierde keer saamgewerk om die toer deur Suid-Afrika en van die buurstate moontlik te maak.

Die derde uitstalling van die Pretoriase kunstenaar, Chris Spies, is op Maandagaand, 14 September, deur mev Mione du Toit, 'n goeie vriend van die kunstenaar, geopen. Mev du Toit is kurator van die

Potchefstroomse Museum.

Chris Spies se werk is wyd bekend: van sy werk behoort tot versamelings beide in Suid-Afrika en oorsee. Die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Departement Inlig-

ting is van die instansies wat in besit is van mnr Spies se werk. Chris Spies het onlangs aan groot uitstallings deelgeneem: die Kaapse Biennale, die RSA 20-uitstalling en die uitstalling wat saamgeval het met die 50-jarige herdenking van die FAK. Wat ewe indrukwekkend is, is die sewe eenmantelontstellings wat Chris Spies agter die rug het.

Die werke op die huidige uitstalling in die Frans du Toit is uiters netjies — die aanbieding van die werke getuig van dieselfde akkuraatheid en netheid wat in die werke aanwesig is.

In die syskermdrukke en houtgravure kom die voëltema sterk na vore. Die voëls is dinamies aangebied. In die verrassend nuwe tegniek waarin Chris syraamdruk op doek doen, kom die voëltema ewe ekspressief na vore. Die epiese of verhaalmatige is 'n sterk karakter in van die reekswerke.

Die uitstalling sluit ook keramiekteëls, porseleinen steenware, keramiek beeldhouwerk en selfs 'n boek in. Die pottebakkerswerk weerspieël ook duidelik die beheersde hand van die kunstenaar.

Mev du Toit het opgemerk dat Spies se werk groei toon. Dit is nie representatief nie, maar vergeestelik — abstrakte van die werklikheid — sy werk het selfs 'n astrale trek, is opgemerk.

Die uitstalling wat to 25 September duur, is beslis die moeite werd om te sien. Sulke fyn aanvoeling vir voëls sien mens nie dikwels nie.

Redenaars op Tuks

Op Saterdag, 5 September 1981, is die jaarlikse redenaarskompetisie vir Afrikaanse universiteite en kolleges in Pretoria gehou.

Die Puk is verteenwoordig deur drie studente: Werner Eksteen, Bennie Nothnagel en Hesta van der Westhuizen.

Daar was geen vasgestelde tema nie en die studente kon hul eie onderwerpe kies. Werner Eksteen het gepraat oor 'n prinsipiële christelike politieke beskouing. Hierin het hy 'n analise van die politieke strominge in die

PUK bewaar

Afrikana

Die Bestuurskomitee van die Universiteit gaan 'n veldtog loods om geskiedkundige stukke van die Puk te bewaar.

'n Komitee is aangewys onder voorsitterskap van prof. Rassie Smit.

Stukke wat nie meer in gebruik is nie sal mettertyd in 'n sentral PUKana-museum versamel word.

RSA gemaak en die algemeen-aanvaarde politieke beginsels neergestig.

Bennie Nothnagel het satanisme bespreek waar onder die geskiedenis, hoe lede gewerf word en die verband tussen satanisme en die komunisme. Hesta van der Westhuizen het oor studenteverzet in SA gepraat. Sy het die agtergrond geskets, klem gelê op die regverdiging van die saak en die staat se reaksie op verzet aangetoon.

Die drie Pukke het goed geredeneer maar die Puk-standpunt het nie baie aftrek gekry nie. Die Puk het geen plek gekry nie, hoewel hul standaard hoog was.

Uit die 25 deelnemende universiteite en kolleges is Hendrik Boshof van Tukkies as die wenner aangewys. Sy onderwerp was: "n Blanke tuisland is noodsaaklik vir die voortbestaan van die Afrikaner". Die tweede plek is toegeken aan RAU en die derde plek aan NKP.

Die Puk het die ATKB uitgenooi om die kompetisie volgende jaar tydens Kuesta '82 op die PUKampus aan te bied.



Alabama kry geld

• Alabama het hierdie jaar 'n groot bedrag geld van Elcon Motors as borg ontvang. Mnr Johan Marais het tydens 'n perskonferensie die geld aan die voorsitter van Alabama, Dawie Fourie, oorhandig. Op die foto verskyn van links na regs: mnr At Jacobs van Elcon Motors, mnr Johan Marais van Elcon Motors, Dawie Fourie, voorsitter van Alabama en mnr Horst Bütow, studenteadviser (kultuur). Foto: Fotokuns.

guys & dolls
vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haar-golwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle!

Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe.

GUYS & DOLLS Tomstr. 82, tel. 8071.

Wes-Transvalers en Noord-Vrystaters kry op Woensdag 30 September die kans om die wêreldberoemde Weense Seunskoor te sien en hoor wanneer hulle in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys optree.

LB SKOENSENTRUM

Winkel 6 en 7, Indiërsentrum

Tel: 21541

Pa's ontvang

Mans Tractor en Hang Ten stewels

Spesiale afslag vir studente.

Pragtige prestasies vir W-Tvl



● Anita Pienaar ontvang 'n goue medalje op die SA grade gimnastiek kampioenskappe in Stellenbosch.

Die Wes-Transvaal gimnastiekspan, wat grotendeels uit Pukke bestaan, was van 28 tot 31 September in Stellenbosch vir die Suid-Afrikaanse grade-kampioenskappe. Die Wes-Transvaal-span was die algehele oorwinnaar en spog met uitstekende individuele prestasies.

In die afdeling eerste graad vir mans was Johan Mouton 'n treffer. Op die totaal het hy slegs 0,01 minder as die algehele wenner behaal. Hy het die goue medalje op die spronge, vloer en rekstok verower.

In die derde graad het Tinus Snyman 'n algehele tweede plek behaal. Her-

man de Villiers het brons vir brug en rekstok ontvang. In vierde graad was Fanus Botha die algehele wenner en het goud op die beulperd, spronge brug en rekstok verower.

In die dames tweede graad het Anita Pienaar 'n goue medalje vir haar sprong ontvang, sy het ook baie goed gevaar in haar

ei-keuse-oefeninge op die mat. Marinda van Wyk het goud op die brug en brons op die vloer ontvang.

In die derde graad afdeling het Mariaan Kritzinger die vloer gewen en het 'n brons medalje vir die balk ontvang. Sy was ook tweede op die algehele wenerslys. In die vierde graad het Elsa van der Merwe 'n silwer vir haar spronge ontvang.

Die span het onder leiding van mnr Piet Louw met die trein gereis. Hulle was ook op 'n uitstappie in die Kaap en het tyd gehad om te ontspan en rond te kyk.

Praktiese pistoolklub bied kursus aan

Die Praktiese Pistoolklub, van Puk bied 'n

wapenbevoegdheidskursus aan vanaf 16 Sep-

tember en dit strek oor vyf Woensdagmiddae. Op 17 Oktober sluit dit af met 'n graderings-kompetisie.

Aspekte soos wapenhantering, waaronder veiligheidsmaatreëls, laai, patroonversorging, baanprosedures, storings, magasynruilings en holsterwerk gaan behandel word. Die kursus word saamgestel uit lesings van die Springbokpistoolskut, André Botes.

Na afloop van elke lesing sal die kursusgangers praktiese ondervinding opdoen deur tegnieke in te oefen. Om in aanmerking te kom vir die grade-kompetisie moet kursusgangers klubdele wees. Inskrywingskoste beloop R5. Verder moet kursusgangers minstens 75 persent van die kursus bywoon. Na die kompetisie beoog die bestuur om bevoegdheidsertifikate aan kursusgangers te gee.

Alle studente is welkom om so hul weerbaarheid op te knap.

Indien nadere besonderhede oor die kursus of oor ander klubbedrywighede verlang word, kan Nicolette le Roux by Kassteel of Nico Hurter by Reitzstraat 16 gekontak word. Persone wat in die kursus belangstel kan hul name en volle besonderhede in Bussie 143 by die SS gooi.

Sportpersoonlikheid

Retha is beste hokkiespeelster



● Retha Burger is aangewys as die beste hokkiespeelster van die jaar, sy ontvang die Sanpat Coetzee wisseltrofee.

Retha Burger is verlede Dinsdag tydens die jaarlikse Hokkiedinee aangewys as die beste hokkiespeelster van die jaar. Die Sanpat Coetzee wisseltrofee is op die geleentheid aan haar oorhandig.

Retha speel al byna nege jaar hokkie. As leerling van Klerksdorp Hoër het sy reeds op provinsiale vlak hokkie gespeel.

Sy het ook aan atletiek en landloop deelgeneem. In 1979 is sy uitgenooi na die nasionale B-oefengroep in Johannesburg en vanjaar is sy uitgenooi na die Nasionale onder 21 oefengroep. Verder is sy tydens die inter-provinsiale toernooi aangewys as 'n baie belowende speelster.

Retha speel al vier jaar senior hokkie vir Wes-Transvaal. Sy speel vir Puk se eerste span, en is

die afgelope twee jaar kaptein van die span. Sy is ook weer vir 1982 aangewys as voorsitster van die hokkieklub.

Retha kom uit 'n sportiewe familie. Haar vader het hokkie gespeel vir die Puk en haar suster, Rinza, wat op die Puk is, speel ook provinsiale hokkie. As Retha 'n tydjie kan afknyp speel sy graag muurbal.

Andersins doen sy atletiek en landloop. Op die gebied het sy die Midde-Weste span gehaal in 1976 en 1977.

Retha is 'n derde jaar B.Comm student en wil sport graag haar loopbaan maak. Sy het reeds die afrigtingskursusse vir skole hokkie deurloop.

Die trofee wat Retha ontvang het, is geskenk deur Sanpat Coetzee, 'n vorige voorsitster van die klub. Retha is die eerste om die trofee in ontvangs te neem, en stel 'n geweldige hoë standaard vir haar opvolgers. Om vir die trofee in aanmerking te kom moet hokkie op 'n hoë standaard gehandhaaf word. Die persoon moet ook aktief wees in die sosiale en administratiewe sy van die sport, 'n algemene goeie gesindheid is ook belangrik. Aan bogenoemde skiet Retha Geenens tekort nie, hoewel sy baie beskeie is oor die toekenning.

Retha poog om haar hokkie nog te verbeter want sy wil baie beslis eindig die Groen en Goud dra.



● Lynette Pretorius en Christo Engelbrecht is van die Kanoklub wat tydens hul jaarlikse dinee toekennings ontvang het.

Beste roeiers kry erkenning

Die PU-Kanoklub het 2 September hulle amptelike afsluiting en toekenningsaand gehad.

Christo Engelbrecht en Deon van der Watt het die skild vir die beste roeiers van die jaar gedeel. Al twee het vanjaar aan die Bergrivier marathon deel

geneem. Deon het 'n agste plek behaal en Christo 'n agtiende plek.

Die trofee vir die belowendste damesroeier is aan Lynette Pretorius toegeken. Sy het die Puk verteenwoordig op albei intervarsities, en is ook aangewys as die ondervoorsitster van die klub vir 1982.

Sportraadbestuur is aangewys

Die nuwe sportraadbestuur is verlede Maandag aangewys. Die nuwe ondervoorsitster is Christo Scholtz en hy sal ook dien as koshuis-sportraadvoorsitster. Retha Burger is aangewys as sekretaresse en Johan Greyling as penning-meester. Die twee addisionele lede is Christo Swanepoel en Johan Mouton.

Die nuwe bestuur is gevra om veral aandag te skenk aan die volgende sake in die komende jaar. 'n Sportregistrasie-stelsel moet ingestel word wat minder omslagtig is, en wat minder administrasie vereis. Die voorstel is gemaak

dat twee sekretaresses aangestel moet word wat na die algemene sport administrasie sal omsien, hulle kan die sportburo ook van hulp wees.

Die rektor, prof Tjaart van der Walt, het die grootste gedeelte van sy langverlof by die Puk gewerk.

Hy het langverlof geneem van 17 Junie tot 17 September, maar het net twintig dae nie gewerk nie. Hy moes onder meer 'n besoek aan die VSA bring om die tweede in-

Oud-reaktor kanselier

Die vorige rektor van die Puk, prof. Hennie Bingle, ontvang Vrydagmiddag 18 September 'n eregraad van die Universiteit en word op dieselfde Buitengewone Gradeplegtigheid as

nuwe kanselier van die PU vir CHO ingehuldig.

'n Eregraad in die Opvoedkunde, die graad D.Ed. (honoris causa) word aan prof. Bingle toegeken. Hy moes die eregraad vroeër vanjaar met die Hoofgradeplegtigheid van die Universiteit ontvang het. Weens die dood van sy vrou, mev Santjie Bingle, die week voor die Gradeplegtigheid, kon hy daardie plegtigheid nie bywoon nie.

Hy word kanselier in die plek van dr. P.W. Vorster wie se ampstermyn op

Vrydag 18 September verstryk. Dr. Vorster is op 8 Februarie 1980 as kanselier ingehuldig. Hy was nie beskikbaar vir herbenoeming nie.

Die rektor, prof. Tjaart van der Walt, sal Vrydagmiddag 'n kort huldigungsrede lewer. Dertien burgemeesters en verteenwoordigers van 15 universiteite sal die inhuldiging bywoon.

Vakansiewerk by die Puk

ternasionale konferensie oor Christelike onderwys by te woon.

Bult Droogskoonmakers
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

Groot kamers te huur vir dames teen R50 per maand.
Kontak
Christo Schutte
by Sekuriteit of na-ure
by Reitzstraat 45A of
tel: 21970.

Ekonomiese damesmotorfiets te koop. Puik toestand. Prys baie billik. Dit is te besigtig in Potchefstroom.

Vir meer besonderhede skakel mev. Van Dyk by tel. 012 - 865649.

Muurbalkklub vier Tiende jaar



Die Puk-muurbalkklub het Saterdag hul tiende bestaansjaar gevier. Op die geleentheid het 'n vyftal oud-Pukke teen die Puk se mansspan te staan gekom. Die ge-

leentheid is afgesluit met die jaarlikse dinee waartydens trofee en toekennings uitgedeel is.

Tydens die viering het 'n aantal oud-Pukke en huidige Pukke aan rondomtalige kompetisies deelgeneem. Die wenner van die senior kompetisie was Johan de Bruin wat op sy dag die Puk sowel as Wes-Transvaal kampioen was.

Op die dinee is erelidmaatskap aan die Minister van Polisie en LV van Potchefstroom sy Edele Louis le Grange toegeken. Mnr. Le Grange was 'n ywerige muurbal-speler, en beoefen die sport nog vir ontspanning. Prof. Johan Claassen, voorsitter van die PU-Sportburo het ook erelidmaatskap ontvang.

Ander spesiale ere-toekennings vir besondere dienste ter bevordering van muurbal aan die PU is by dieselfde geleentheid toegeken aan Prof Piet van der Schyff, president en vorige voorsitter van

die klub. Ook aan Mev. Helen Schlebusch, mnr. Mike van Zyl, mnr. Jim van Zyl, mnr. Johan de Bruin, mnr. Clive Ulyate en mnr. Eddie Schoch die huidige voorsitter van die klub. Nellie de Beer en Gat Olivier ontvang ook die trofee vir die kampioenspe-

lers van die jaar.

'n Nuwe trofee "Die Krom Raket" is vir die eerste keer toegeken en tewel gesamentlik aan Prof. Piet van der Schyff en mnr. Clive Ulyate. Die twee sou gelykop in hul wedstryd geëindig het.



Die nuwe wisselroefie van die muurbalkklub, "Die Krom Raket" word hier deur Anette Theron aan Prof. Piet van der Schyff en mnr. Clive Ulyate oorhandig.



Die wenners van vanjaar se PU-muurbalkkampioenskappe Nellie de Beer en G. Olivier, ontvang hul trofee op die muurbal-dinee wat verlede Saterdag gehou is.

Sportlui besin oor ontspanning

Vyf hoogleraars in sport en ontspanning uit die buiteland was sprekers op 'n internasionale simposium oor ontspanning. Die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, kon die simposium nie toespreek nie, as gevolg van probleme wat deur die weer veroorsaak is.

Die simposium is gehou deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Re-

kreasie (SAVLOR) van 9 tot 11 September by die Potchefstroomse Universiteit.

Tema

Die tema van die simposium was: sport en ontspanning — 'n strategie vir die jaar 2000. Aandag is gegee aan die ontspanningsbehoeftes van die mens aan die einde van die eeu en wat nou al gedoen kan word om die probleme van die jaar 2000 op dié gebied te voorkom, sê prof. Wynand Putter, president van

SAVLOR en hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

Aandag is ook gegee aan die ontspanningsfasiliteite vir onderontwikkelde gebiede. Klem is verder gelê op ontspanning van die Swartman en die Kleurling in die stedelike en semi-stedelike gebiede. Hy het verwys na die duisende Swartmense wat by myne in diens is en vir wie daar nie behoorlike ontspanningsfasiliteite bestaan nie. Hulle kan nie passiewe toeskouers by 'n

paar sokkerwedstryde of voor 'n televisiestel wees nie. Hulle soek naweke iets om te doen en aandag sal aan die groep mense gegee moet word. Baie min is bekend oor die ontspanningsbehoefte van die Swart bevolking. Dit is 'n navorsingsveld wat braak lê.

Opgeleide personeel

Prof. Putter het gesê plaaslike owerhede bou fasiliteite soos trimparke. Daar is egter nie opgeleide personeel om mense te help om dié fasiliteite behoorlik te benut nie. Die opleiding van beampes vir ontspanning het dus ook aandag geniet op die simposium.

Benewens die referate wat op die simposium gelewer is en die paneelbesprekings wat plaasgevind het, is ook verskeie video-films oor ontspanning ge-wys.

Die besoekende professor was Prof. J.J. Bannon van die Universiteit van Illinois, prof. L.M. Reid van die Universiteit van Texas, prof. J. Tivy van die Universiteit van Glasgow in Skotland het Prof. W. Hollmann uit Wes-Duitsland.

Werkswinkelsessies

Hierdie simposium is voorafgegaan en sal opgevolg word deur 'n reeks werksinkelsessies oor ontspanning in Port Elizabeth, Stellenbosch en Durban. Dié byeenkomste word ook deur SAVLOR in samewerking met die Departement Nasionale Opvoeding se Tak Sportbevordering aangebied.

Erekleure word toegeken

Die SSR het op sy vergadering van 2 September die toekening van erekleure bespreek. In die onderskeie sportsoorte kwalifiseer die volgende persone vir erekleure.

Atletiek

Cilliers Botha, Christo Swart, Susan Lion-Cachet, Manda Barnard, Gerald Gray, Ludwig Myburg, Isabel Campher en Christiene van der Vyver.

Manshokkie

D, Erasmus, P van Heerden en F. Taute.

Dameshokkie

Sanet Barac en Shani Hutter.

Karate

R.J du Plooy, D. Bosman en A.M. Peens.

Judo

Paul Kruger en Bennie Wheeler.

Gewigoptel

L. Labourschagne.

Muurbal

Anette Theron en Maretha Delport.

Netbal

S. van der Merwe, M. Spoelstra en B. van Loggenberg.

Skerm

Elsen Pienaar

Onderwater

Sylvia Ferreira

Gimnastiek

Fanus Botha, Tinus Snyman, Marvaro Kritzing, Chrissie Els, Pieter Louw, Johan Mouton, Marie van Tonder en Linda Steenkamp.

Pluimbal

L. Brummer en C. Botha.

Tennis

Elbie Kruger

Rugby

Herman Kleynhans, Johan Geldenhuys en Gert Smal.

Kortsport

Atletiek

Tydens die A-liga van die Koshuisatletiek op Woensdag 9 September het Piet Goosen 'n skitterende afstand behaal in die skyfwerp vir mans met 'n afstand van 61,60 m.

Celliers Botha van Overs het self uitgeblink met 'n afstand van 7,58 m in die verspring vir mans.

Verdere uitslae is: Jurie van der Walt van Caput wen die 60 m hekkies en die 150 m met tye van 8,0 en 16,4 sekondes onderskeidelik. Stefan Greyling van Overs wen saam met Piet Prinsloo die 600 m in 1 minuut 38,8 sekondes. Die 300 m word deur Ludwik Myburgh van Caput in 35,6 sekondes gewen.

Dames:

Petro Fourie het die 150 m vir dames in 'n skitterende tyd van 18,5 sekondes gewen en met 'n tyd van 39,1 sekondes ver-

seker sy vir haar 'n eerste plek in die 300 m.

Isabel Campher wen die 60 m hekkies in 8,8 sekondes, en B van Loggerenberg wen die 600 m in 1 minuut 52,2 sekondes. Die hoogspring en skyfwerp word onderskeidelik deur Nanda Barnard en M. Liebenberg gewen met 'n hoogte van 1,57 m en 'n afstand van 39,95 m.

Tennis

Die Wes-Transvaal span neem deel aan die interprovinsiale tenniskampioenskap wat in Kaapstad aangebied word van 12 tot 17 Oktober. Die volgende Pukke is in die span: Fanie Campher en Saretha Scott.

Hokkie

Die binnemuurse hokkie vir mans en dames het Dinsdagaand 8 September begin. Die wedstryde word elke Dinsdagaand vanaf 18h00 uur in die Studentesentrum gespeel.